

29 Februarie

Doen alles tot eer van God

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:5-12

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:7b, 11, 12

Doen wat jy doen soos 'n baba, 'n ma, 'n pa – alles tot eer van God.

Dien soos 'n baba! Party grondtekste voeg in vers 7 die volgende by: “Ons was soos babatjies teenoor julle.” Die apostels sê dat hulle so pretensieloos soos babatjies is. 'n Baba is absoluut opreg in liefde, lekkerkry en seerkry. Dink net watter kragtige uitwerking jy sal hê as jy so pretensieloos soos 'n baba is! Dink net wat sal in die kantoor, raadsaal, klas, werkswinkel en kerk gebeur. Jy sal 'n magneet vir Christus wees.

Dien soos 'n ma! Hierdie “ma” is 'n pleegma. Sy het vernames versorg, opgevoed en vertroetel. Sy was ook ma van haar eie kinders. Met nog groter vertroeteling het sy haar eie kinders sagkens versorg. So het die apostels met oorgawe, liefde en selfopoffering gedien. Hulle was deur Jesus Christus aan mekaar verbind. Jy moet die vroulike gene wat in jou is, inspan. Werk met 'n baie spesiale aanvoeling met mekaar. Laat ander by jou geborge voel.

Dien soos 'n pa! Wat doen 'n pa op sy manier? Hy bemoedig en spoor aan. Die apostels het die gelowiges bemoedig en aangespoor om tot eer van God te lewe. Probleme is deurgeworstel. Geestelike sekuriteit is met die genade en vergifnis in Christus ontvang. Jy moet die manlike gene in jou inspan. Met wysheid van die Heilige Gees en die Woord kan jy ferm, dog vol vaderlike liefde, iemand begelei tot bekering, berou en dankbaarheid.

Wees pretensieloos soos 'n baba, sagkens soos 'n ma, vermanend en aansporend soos 'n pa – alles tot eer van God.

Sing: Psalm 133:1

Ds. Joop van Schaik (Kempton Park-Noord) (met insette van prof. Fika J van Rensburg)